6.4.2		Die persoon wat 'n tugsaak teen 'n aangeklaagde student aanvoer of die aanklaer in paragraaf 4.10 bedoel, kan—	6.4.2	The person conducting a disciplinary case against an accused student or the prosecutor referred to in paragraph 4.10 may—
	(a)	getuies roep en die getuie(s) wat teen die aangeklaagde student getuig, ondervra en herondervra;	(a)	call witnesses and examine and re-examine the witness(es) giving evidence against the accused student;
	(b)	die aangeklaagde student, indien hy getuig het, ondervra asook enige ander persoon wat namens die aangeklaagde student getuig; en	(b)	examine the accused student, if he gave evidence, as well as any other person who testified on behalf of the accused student; and
	(c)	die tugsaak beredeneer nadat alle getuenis gelewer is, maar voordat die aangeklaagde student die geleentheid gebied word om sy eie saak te beredeneer of deur die persoon wat hom bystaan, te laat beredeneer.	(c)	argue the disciplinary case after all the evidence has been led, but before the accused student has been given the opportunity to argue his own case or to have it argued by the person assisting him.
6.5		Tugmaatreëls Indien hy 'n student aan wangedrag skuldig bevind, kan die Studentetugkomitee die student een of meer van die volgende tugmaatreëls ople:	6.5	Disciplinary measures If it finds a student guilty of misconduct, the Student Disciplinary Committee may impose one or more of the following disciplinary measures:
6.5.1		'n Skriftelike berisping en/of waarskuwing;	6.5.1	A written reprimand and/or warning;
6.5.2		ontneming van 'n reg of voorreg wat sy inskrywing as student aan die Universiteit meebring;	6.5.2	deprival of a right or privilege resulting from his enrolment as a student at the University;
6.5.3		'n boete van hoogstens dubbel die jaarlikse studiegeld vir 'n volle eerstejaarskursus;	6.5.3	a fine amounting to not more than twice the annual tuition fee for a full first-year course;
6.5.4		betaling van vergoeding vir, of die herstel van, skade veroorsaak deur sy wangedrag;	6.5.4	payment of compensation or the reparation of damage caused by his misconduct;
6.5.5		ontneming van die reg of voorreg om vir 'n bepaalde studie-eenheid of -eenhede in te skryf en/of van 'n krediet of krediete wat in 'n studie-eenheid of -eenhede verwerf is;	6.5.5	denial of the right or privilege to register for a particular study unit or units, and/or the withdrawal of a credit or credits obtained in a study unit or units;
6.5.6		bekragtiging van die tydelike skorsing van die student deur die Rektor ingevolge paragraaf 3.3.1 en/of die skorsing van die student vir 'n bepaalde tydperk of verdere tydperk;	6.5.6	confirmation of the temporary suspension of a student by the Principal in terms of paragraph 3.3.1, and/or the suspension of the student for a specified period or further period;
6.5.7		ontseggeling vir 'n bepaalde tydperk van die voorreg om weer as student aan die Universiteit ingeskryf te word;	6.5.7	denial of the privilege to register again as a student at the University for a particular period;
6.5.8		enige ander tugmaatreël wat die Studentetugkomitee in die besondere omstandighede geskik ag:	6.5.8	any other disciplinary measure with the Student Disciplinary Committee deems suitable in the particular circumstances:
		Met dien verstande dat, indien 'n student ingevolge hierdie reglement tydelik of permanent ontnem word van 'n reg of voorreg wat hy as student geniet, of indien hom tydelik of permanent toelating tot die Universiteit ontsê word, sodanige student enige aanspraak op terugbetaling, verminderung of kwytskelding van gelde wat aan die Universiteit betaal of betaalbaar is, verbeur.		Provided that if a student is temporarily or permanently deprived in terms of this code of a right or privilege which he enjoys as a student, or if he is temporarily or permanently denied admission to the University, such student shall forfeit any claim for repayment, reduction or remission of moneys paid or payable to the University.

7. DIE GERINGEWANGEDRAG-TUGKOMITEE

- 7.1 Klage van geringe wangedrag moet skriftelik by die Rektor aanhangig gemaak word en moet 'n uiteensetting van die relevante omstandighede bevat wat dit vir die Rektor moontlik maak om oor gepaste optrede te besluit.
- 7.2 Wanneer so 'n klag by hom aanhangig gemaak word, wys die Rektor 'n Geringewangedrag-tugkomitee aan, bestaande uit 'n Vise-rektor, wat as voorsitter optree, en 'n Registrateur, om die aanklag te verhoor.
- 7.3 Die aangeklaagde student moet van die tyd, plek en aard van die beweerde wangedrag in kennis gestel word en die geleentheid gebied word om binne 'n redelike tyd 'n skriftelike verklaring te doen en/of persoonlik voor die Geringewangedrag-tugkomitee te verskyn.
- 7.4 Wanneer 'n aangeklaagde student skuld ontken, besluit die Geringewangedrag-tugkomitee na goeddunke hoe die aangeleentheid verder verhoor moet word: Met dien verstande dat minstens die bepalings van paragrawe 4.3 en 6.4 *mutatis mutandis* van toepassing is met die uitsondering dat die student nie op die bystand van of verteenwoordiging deur 'n ander persoon kan aandring nie.
- 7.5 Indien dit uit die uiteensetting in die klag vervat, blyk dat die aangeklaagde student 'n geleentheid gebied moet word om 'n skulderkenning te doen, moet die Geringewangedrag-tugkomitee die student skriftelik in kennis stel—
- 7.5.1 van die tyd, plek en aard van die beweerde wangedrag;
- 7.5.2 dat hy binne 21 werksdae vanaf die datum van die kennisgewing 'n skulderkenning kan doen en dat die skulderkenning nie as 'n oortreding teen hom aangeteken sal word nie;
- 7.5.3 welke tugmaatreëls teen hom ingestel sal word as hy skuld erken;
- 7.5.4 dat hy geensins verplig is om 'n skulderkenning te doen nie;
- 7.5.5 dat sy versuim om 'n skulderkenning te doen, by 'n moontlike latere verhoor nie teen hom gehou sal word nie; en
- 7.5.6 dat hy voor die vervaldatum van die skulderkenning vertoe tot die Geringewangedrag-tugkomitee kan rig ter verminderung van die tugmaatreëls wat in die kennisgewing genoem word.
- 7.6 Die Geringewangedrag-tugkomitee is bevoeg om 'n student wat aan geringe wangedrag skuldig bevind is, een of meer van die volgende tugmaatreëls op te lê:
- 7.6.1 'n Boete van hoogstens 20 persent van die jaarlikse studiegeldelde vir 'n volle eerstejaarskursus;

7. THE MINOR MISCONDUCT DISCIPLINARY COMMITTEE

- 7.1 Complaints of minor misconduct shall be made in writing with the Principal, and shall indicate the circumstances concerned so as to enable the Principal to decide on appropriate action.
- 7.2 On notification of such a complaint the Principal shall appoint a Minor Misconduct Disciplinary Committee consisting of a Vice-Principal, who shall act as chairman, and a Registrar to conduct the hearing.
- 7.3 The accused student shall be notified of the time, place and nature of the alleged misconduct, and shall be given the opportunity to make a written statement within a reasonable time and/or to appear before the Minor Misconduct Disciplinary Committee in person.
- 7.4 If an accused student pleads not guilty, the Minor Misconduct Disciplinary Committee shall in its discretion decide what further steps should be taken to hear the matter: Provided that at least the provisions of paragraphs 4.3 and 6.4 shall apply *mutatis mutandis*, with the exception that the student shall not be entitled to insist on the assistance of or representation by another person.
- 7.5 If it appears from the explanation contained in the complaint that the accused student should be given the opportunity of making an admission of guilt, the Minor Misconduct Disciplinary Committee shall notify the student in writing—
- 7.5.1 of the time, place and nature of the alleged misconduct;
- 7.5.2 that he may make an admission of guilt within 21 working days of the date of the notice, and that the admission of guilt shall not be recorded as an offence;
- 7.5.3 of the disciplinary measures that will be taken against him if he admits guilt;
- 7.5.4 that he is under no obligation to admit guilt;
- 7.5.5 that failure on his part to admit guilt will not be held against him in the event of a possible future hearing; and
- 7.5.6 that he has the right, before the due date for admission of guilt, to make representations to the Minor Misconduct Disciplinary Committee in mitigation of the disciplinary measures indicated in the notice.
- 7.6 The Minor Misconduct Disciplinary Committee shall be empowered to impose one or more of the following disciplinary measures on a student who has been found guilty of minor misconduct:
- 7.6.1 A fine amounting to not more than 20 per cent of the annual tuition fees for a full first-year course;

<p>7.6.2 opeising van sodanige geldelike gedrag as wat voldoende is om te kan vergoed vir enige skade, verlies of koste wat deur die student se wangedrag veroorsaak is;</p> <p>7.6.3 ontneming vir hoogstens drie maande van 'n voorreg wat sy inskrywing as student aan die Universiteit meebring;</p> <p>7.6.4 'n berisping en/of waarskuwing:</p> <p>Met dien verstande dat, indien 'n student ingevolge hierdie reglement tydelik of permanent ontnem word van 'n reg of voorreg wat hy as student geniet, of indien hom tydelik of permanent toelating tot die Universiteit ontse word, sodanige student enige aanspraak op terugbetaling, vermindering of kwytsekelding van gelde wat aan die Universiteit betaal of betaalbaar is, verbeur.</p>	<p>7.6.2 a claim for such monetary amount as may be sufficient to compensate for any damage, loss or costs caused by the student's misconduct;</p> <p>7.6.3 deprival for not more than three months of a privilege resulting from his enrolment as a student at the University; and</p> <p>7.6.4 a reprimand and/or warning:</p> <p>Provided that if the student is temporarily or permanently deprived in terms of this code of a right or privilege which he enjoys as a student, or if he is temporarily or permanently denied admission to the University, such student shall forfeit any claim for repayment, reduction or remission of moneys paid or payable to the University.</p>
<p>8. TOEPASSING VAN DIE BEVINDING VAN 'N TUGKOMITEE</p> <p>8.1 By oorweging van die oplegging van die gepaste tugmaatreëls moet 'n tugkomitee toesien dat sodanige tugmaatreëls sover doenlik verband hou met en in verhouding is tot die aard en erns van die wangedrag waaraan die student skuldig bevind is.</p> <p>8.2 'n Tugkomitee het die reg om die tenuitvoerlegging van enige tugmaatreël(s) waarop hy besluit, vir 'n bepaalde tydperk op te skort, onderworpe aan enige voorwaarde(s) wat hy redelik ag.</p> <p>8.3 Indien 'n tugkomitee 'n aangeklaagde student—</p> <ul style="list-style-type: none"> 8.3.1 skuldig bevind, word die student, behoudens die bepalings van paraaf 3.5, in kennis gestel van die bevinding asook van die tugmaatreël(s) wat die komitee hom opgelê het; 8.3.2 onskuldig bevind, word die student, behoudens die bepalings van paraaf 3.5, te dien effekte in kennis gestel. <p>8.4 Wanneer daar ingevolge Hoofstuk 9 teen 'n beslissing van 'n tugkomitee geappelleer word, moet die komitee of die Rektor die tenuitvoerlegging van enige tugmaatreël deur die komitee opgelê, in afwagting van die uitslag van die appèl, uitstel.</p> <p>8.5 Indien 'n student ten aansien van wie 'n tugmaatreël deur 'n tugkomitee opgelê is, nie sy reg tot appèl soos uiteengesit in Hoofstuk 9 uitoefen nie, lê die komitee 'n skriftelike verslag oor die aangeleenthed vir kennissname aan die Uitvoerende Komitee van die Senaat en die volle Raad voor.</p> <p>8.6 <i>Bekendmaking van bevinding.</i> 'n Tugkomitee kan na afloop van 'n tugondersoek besluit of 'n verklaring aangaande sy bevinding en die tugmaatreël(s) wat opgelê is, en die naam van die betrokke student en die fakulteit waarin hy geregistreer is, op een of meer kennisgewingborde by die Universiteit aangebring moet word, of op 'n</p>	
	<p>8.1 In considering the imposition of appropriate disciplinary measures a disciplinary committee shall ensure that such disciplinary measures are as far as possible apposite to and commensurate with the nature and gravity of the misconduct of which the student has been found guilty.</p> <p>8.2 A disciplinary committee shall be empowered to suspend for a specified period, subject to any condition(s) which it deems reasonable, the enforcement of any disciplinary measure(s) on which it decides.</p> <p>8.3 If a disciplinary committee finds an accused student—</p> <ul style="list-style-type: none"> 8.3.1 guilty, the student shall, subject to the provisions of paragraph 3.5, be notified of the finding and of the disciplinary measure(s) imposed by the committee; 8.3.2 not guilty, the student shall, subject to the provisions of paragraph 3.5, be notified to that effect. <p>8.4 When an appeal is lodged against a decision of a disciplinary committee in terms of Chapter 9, the enforcement of any disciplinary measure imposed by the committee shall be deferred by either the committee or the Principal, pending the outcome of the appeal.</p> <p>8.5 If a student in respect of whom a disciplinary committee has imposed a disciplinary measure fails to exercise his right of appeal as set out in Chapter 9, the committee shall submit a written report on the matter to the Executive Committee of the Senate and the full Council for their information.</p> <p>8.6 <i>Disclosure of finding.</i> A disciplinary committee may, at the conclusion of disciplinary proceedings, decide whether to disclose the finding arrived at, the disciplinary measure(s) imposed, the name of the student concerned and the faculty with which he is registered either in the form of a statement posted on one or more notice boards</p>

ander wyse bekendgemaak moet word, en of genoemde besonderhede aan 'n belanghebbende persoon of liggaam bekendgemaak moet word: Met dien verstande dat die wenslikheid daarvan om die wangedrag van 'n minderjarige en/of 'n afhanklike student aan sy ouer of voog bekend te maak, in elke geval oorweeg moet word: Met dien verstande voorts dat die naam van 'n student nie voor verstryking van die tydperk waarbinne die student appèl mag aanteken of, indien hy appèl aangeteken het, voordat die appèl afgehandel is, bekendgemaak word nie.

9. DIE TUGAPPÈLKOMITEE

- 9.1 *Funksies.* Appelle teen beslissings van 'n tugkomitee word deur die Tugappèlkomitee ingevolge die bepalings van hierdie hoofstuk aangehoor en namens die Raad afgehandel.
- 9.2 Die Tugappèlkomitee bestaan uit minstens vyf lede van die Raad wat nie lede van die tugkomitee was wat die betrokke student verhoor het nie. Die Raad wys een van sodanige lede aan om as voorsitter van die Tugappèlkomitee op te tree, en 'n sekundus vir sodanige persoon.
- 9.3 'n Student wat aan wangedrag skuldig bevind is, kan binne 14 werksdae na die datum waarop hy skriftelik van die bevinding van die betrokke tugkomitee verwittig is, by die Tugappèlkomitee daarteen appèl aanteken deur skriftelik kennis van die appèl by die Rektor in te dien: Met dien verstande dat 'n student wat aan wangedrag skuldig bevind is nadat hy op die aanklag teen hom skuldig gepleit het, geen reg tot appèl teen die skuldigbevinding het nie. In die kennisgewing van appèl verstrek die appellant volledig die gronde waarop sy appèl berus.
- 9.4 Wanneer 'n kennisgewing van appèl ontvang word, word 'n afskrif daarvan aan die voorsitter van die tugkomitee wat die aanklag verhoor het, besorg, waarop die tugkomitee, indien nodig met die bystand van die persoon in paragraaf 4.10 bedoel, binne 'n redelike tydperk 'n antwoord op die gronde van appèl kan opstel en aan die voorsitter van die tugappèlkomitee kan voorlê.
- 9.5 'n Appèl word aangehoor uitsluitlik op grond van die oorkonde van die betrokke verhoor, tesame met enige dokument(e) en bewyssuk(ke) wat in die loop van die verhoor aan die betrokke tugkomitee voorgelê is, behalwe wanneer die appèl berus op 'n bewering van 'n wesenlike onreëlmatigheid wat tydens die verrigtinge sou plaasgevind het en nie as sodanig uit die oorkonde blyk nie.
- 9.6 Vir appèldoeleindes kan die appellant of die persoon wat hom bystaan, of, met die verlof van die Tugappèlkomitee, enige ander persoon, of die betrokke tugkomitee skriftelike of, met die verlof van die Tugappèlkomitee, monderlinge vertoe tot die Tugappèlkomitee rig.

at the University, or in some other way, and whether to disclose the said particulars to any interested person or body: Provided that the advisability of disclosing the misconduct of a minor and/or a dependent student to his parent or guardian shall be considered in each instance: Provided further that the name of a student shall not be disclosed before an appeal, if any, has been disposed of, or before the expiry of the period during which he is entitled to lodge an appeal.

9. THE DISCIPLINARY APPEALS COMMITTEE

- 9.1 *Functions.* Appeals against findings of a disciplinary committee shall be heard by the Disciplinary Appeals Committee and shall be disposed of on behalf of the Council in accordance with the provisions contained in this chapter.
- 9.2 The Disciplinary Appeals Committee shall consist of at least five members of the Council who were not members of the disciplinary committee which tried the student concerned. The Council shall appoint one of the said members to act as chairman of the Disciplinary Appeals Committee, as well as an alternate for such person.
- 9.3 A student who has been found guilty of misconduct may, within 14 working days of being informed in writing of the finding of the disciplinary committee concerned, appeal to the Disciplinary Appeals Committee by lodging a written notice of appeal with the Principal: Provided that a student who has been found guilty of misconduct after having pleaded guilty to the charge against him shall have no right of appeal against such finding. The appellant shall furnish detailed grounds for his appeal in the notice of appeal.
- 9.4 On receipt of a notice of appeal a copy of such notice shall be forwarded to the chairman of the disciplinary committee that heard the charge, whereupon the disciplinary committee, where necessary with the assistance of the person referred to in paragraph 4.10, may within a reasonable period draw up a reply to the grounds for appeal and submit it to the chairman of the Disciplinary Appeals Committee.
- 9.5 An appeal shall be heard solely on the grounds of the record of the hearing concerned, together with any document(s) and exhibit(s) placed before the disciplinary committee concerned in the course of the hearing, except where the appeal is based on a material irregularity that is alleged to have occurred in the course of the proceedings but does not appear as such from the record.
- 9.6 For the purposes of an appeal the appellant, or the person assisting him, or any other person allowed by the Disciplinary Appeals Committee, or the disciplinary committee concerned, may make written or, with the leave of the Disciplinary Appeals Committee, verbal representations to the Disciplinary Appeals Committee.

- 9.7 Na oorweging van 'n appèl, kan die Tugappèlkomitee die appèl in sy geheel of gedeeltelik toestaan en die beslissing van die betrokke tugkomitee tersyde stel of wysig, of die appèl afwys en die beslissing in sy geheel of gedeeltelik bekratig, of kan die Tugappèlkomitee, voordat hy tot 'n finale beslissing oor die appèl geraak, enige vraag in verband met die verhoor na die betrokke tugkomitee terugverwys en gelas dat verslag daaroor gedoen word. 'n Tugmaatreël deur die tugkomitee opgelê, mag egter nie verswaar word nie, tensy die Tugappèlkomitee aan die student wat aan wangedrag skuldig bevind is 'n redelike tydperk vooraf skriftelik kennis gegee het van die Tugappèlkomitee se voorneme om die tugmaatreël te verswaar, en tensy die Tugappèlkomitee die appellant se skriftelike vertoë dienaangaande, as daar was, oorweeg het.
- 9.8 Na afhandeling van 'n appèl deur die Tugappèlkomitee lê hy 'n verslag aan die Raad en, indien die Tugappèlkomitee dit goed-dunk, ook aan die Uitvoerende Komitee van die Senaat voor vir kennisname.
- 9.9 *Bekendmaking van bevinding.* Die bepalings van paragraaf 8.6 is *mutatis mutandis* van toepassing op die bekendmaking van 'n bevinding van die Tugappèlkomitee.”.
- 9.7 After considering an appeal the Disciplinary Appeals Committee may uphold it either wholly or in part and set aside or amend the decision of the disciplinary committee concerned, or may disallow the appeal and confirm the decision either wholly or in part, or, before reaching a final decision concerning the appeal, refer any question pertaining to the hearing back to the disciplinary committee concerned and order that a report be submitted. The disciplinary measure imposed by the disciplinary committee shall not, however, be increased, unless the Disciplinary Appeals Committee has given the student found guilty of misconduct prior and reasonable written notice of its intention to do so and has considered the appellant's written representations, if any, in this regard.
- 9.8 After disposing of an appeal the Disciplinary Appeals Committee shall submit a report to the Council and, if it deems necessary, to the Executive Committee of the Senate for their information.
- 9.9 *Disclosure of finding.* The provisions of paragraph 8.6 shall apply *mutatis mutandis* to the disclosure of a finding of the Disciplinary Appeals Committee.”.

DEPARTEMENT VAN FINANSIES

No. R. 2842 29 Desember 1989

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964

WYSIGING VAN BYLAE 1 (No. 1/1/201)

Kragtens artikel 48A van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Deel 1 van die Bylae 1 by genoemde Wet hiermee gewysig, met terugwerkende krag tot 1 Januarie 1988, in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

G. MARAIS,
Adjunk-minister van Finansies.

DEPARTMENT OF FINANCE

No. R. 2842 29 December 1989

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964

AMENDMENT OF SCHEDULE 1 (No. 1/1/201)

Under section 48A of the Customs and Excise Act, 1964, Part 1 of Schedule 1 to the said act is hereby amended, with retrospective effect to 1 January 1988, to the extent set out in the Schedule hereto.

G. MARAIS,
Deputy Minister of Finance.

BYLAE

Pos	Subpos	T. S.	Artikel Beskrywing	Statis-tiese Eenheid	Skaal van Reg	Anno-tasies
71.14	"71.14		Deur pos No. 71.14 deur die volgende te vervang: Artikels van goudsmids- of silversmidswerk en onderdele daarvan, van edelmetaal of van metaal met edelmetaal bedek. Van edelmetaal, hetsy met edelmetaal geplateer of bedek al dan nie: Van silwer, hetsy met edelmetaal geplateer of bedek al dan nie: Gedenkmedaljons Ander			
	7114.1		Van ander edelmetaal, hetsy met edelmetaal geplateer of bedek al dan nie: Gedenkmedaljons Ander		vry 40%	
	7114.11		Van ander edelmetaal, hetsy met edelmetaal geplateer of bedek al dan nie: Gedenkmedaljons Ander		vry 40%	
	.10	5				
	.90	3				
	7114.19		Van onedelmetaal met edelmetaal bedek: Gedenkmedaljons Ander		vry 40% ..	
	.10	6				
	.90	4				
	7114.20		Van onedelmetaal met edelmetaal bedek: Gedenkmedaljons Ander		vry 40% ..	
	.10	3				
	.90	1				

Opmerking. — 'n Oorskakelingsfout word reggestel.

SCHEDULE

Head-ing	Sub-head-ing	C. D.	Article Description	Statis-tical Unit	Rate of Duty	Annota-tions
71.14	"71.14		By the substitution for heading No. 71.14 of the following: Articles of goldsmiths' or silversmiths' wares and parts thereof, of precious metal or of metal clad with precious metal			
	7114.1		Of precious metal, whether or not plated or clad with precious metal:			
	7114.11		Of silver, whether or not plated or clad with precious metal: Commemorative medallions Other		free 40%	
	.10	5				
	.90	3				
	7114.19		Of other precious metal, whether of not plated or clad with precious metal: Commemorative medallions Other		free 40%	
	.10	6				
	.90	4				
	7114.20		Of base metal clad with precious metal: Commemorative medallions Other		free 40% "	
	.10	3				
	.90	1				

Note.—A transposition error is rectified.

No. R. 2843

29 Desember 1989

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964

WYSIGING VAN BYLAE 1 (No. 1/2/26)

Kragtens artikel 48A van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Deel 2B van Bylae 1 by genoemde Wet hiermee gewysig, met terugwerkende krag tot 1 Januarie 1988, in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

G. MARAIS,
Adjunk-minister van Finansies.

No. R. 2843

29 December 1989

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964

AMENDMENT OF SCHEDULE 1 (No. 1/2/26)

Under section 48A of the Customs and Excise Act, 1964, Part 2B of Schedule 1 to the said Act is hereby amended, with retrospective effect to 1 January 1988, to the extent set out in the Schedule hereto.

G. MARAIS,
Deputy Minister of Finance.

BYLAE

I Item	II Pos	III Subpos	IV Artikel Beskrywing	V Skaal van Reg		Anno-tasies
				Aksyns	Doeane	
122.30			Deur item 122.30 deur die volgende te vervang:			
"122.30	71.14	7114.00	Artikels van goudsmids- of silversmidswerk en onderdele daarvan, van edelmetaal of metaal bedek met edelmetaal (uitgesonderd gedenkmedaljons, nagmaalserviesstukke, doopbakke en ander dergelyke artikels uitkenbaar vir gebruik deur godsdienstige liggame by openbare eredienste, wat deur die kommissaris goedgekeur is en nie versierings, ornamente of vaste boutoebhore is nie)	20%	20% "	

Opmerking.—Gedenkmedaljons word vrygestel van die betaling van *ad valorem*-doeane- en aksynsreg, met terugwerkende krag tot 1 Januarie 1988.

SCHEDULE

I Item	II Head-ing	III Subhead-ing	IV Article Description	V Rate of Duty		Annotations
				Excise	Customs	
122.30			By the substitution for item 122.30 of the following:			
"122.30	71.14	7114.00	Articles of goldsmiths' or silversmiths' wares and parts thereof, of precious metal or of metal clad with precious metal (excluding commemorative medallions, communion set pieces, fonts and other like articles identifiable for use by religious bodies at public worship, approved by the commissioner and not being decorations, ornaments or building fixtures)	20%	20% "	

Note.—Commemorative medallions are exempted from the payment of *ad valorem* customs and excise duty, with retrospective effect to 1 January 1988.

No. R. 2844**29 Desember 1989****DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964****WYSIGING VAN BYLAE 1 (No. 1/8/2)**

Kragtens artikel 48 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Deel 8 van Bylae 1 by genoemde Wet hiermee gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

G. MARAIS,
Adjunk-minister van Finansies.

No. R. 2844**29 December 1989****CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964****AMENDMENT OF SCHEDULE 1 (No. 1/8/2)**

Under section 48 of the Customs and Excise Act, 1964, Part 8 Schedule 1 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

G. MARAIS,
Deputy Minister of Finance.

BYLAE

	Anno-tasies
<i>Opmerkings:</i> Deur Opmerking 1 deur die volgende te vervang:	

“1. Behoudens die bepalings van enige item in Bylae No. 4 of 6, is die skaal van gewone heffing wat in enige item met betrekking tot hierdie Deel vermeld word (uitgesonderd goedere vermeld in Opmerking 4), ten opsigte van enige goedere, van toepassing op enige sodanige goedere wat vervaardig is in wat ingevoer is in die gemeenskaplike doeanegebied en wat vir binnelandse verbruik geklaar word deur enige liggaam, gesag, instelling of persoon wat in sodanige gewone heffing item vermeld word.”

Opmerking. — Die posisie met betrekking tot betaling van gewone heffing, vir sover dit korting op reg kragtens Bylaes Nos. 4 en 6 aangaan, word duidelik gestel.

SCHEDULE

	Anno-tasies
<i>Notes:</i> By the substitution for Note 1 of the following:	

“1. Subject to the provisions of any items in Schedule No. 4 or 6, the rate of ordinary levy specified in any item in this Part in respect of any goods (excluding goods provided for in Note 4), shall apply to any such goods which are manufactured in or imported into the common customs area and entered for home consumption by any body, authority, institution or person specified in such ordinary levy item.”

Note. — The position in respect of payment of ordinary levy, in so far as it relates to rebate of duty in terms of Schedules Nos. 4 and 6, is clarified.

No. R. 2845**29 Desember 1989****DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964****WYSIGING VAN BYLAE 4 (No. 4/42)**

Kragtens artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Bylae 4 by genoemde Wet hiermee gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

G. MARAIS,
Adjunk-minister van Finansies.

No. R. 2845**29 December 1989****CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964****AMENDMENT OF SCHEDULE 4 (No. 4/42)**

Under section 75 of the Customs and Excise Act, 1964, Schedule 4 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

G. MARAIS,
Deputy Minister of Finance.

BYLAE

I Kortings- Item	II			III Mate van Korting	Anno- tasies
	Tariefpos	Kortings- kode	T. S.		
406.02				Deur in die Engelse teks die beskrywing deur die volgende te vervang: “Goods for the personal or official use of diplomatic agents accredited to the Republic and their families and the staff of the said agents and their families, provided they are not South African citizens or permanent residents of the Republic”	
407.04				Deur kortingitem 407.04 deur die volgende te vervang:	
“407.04				Motorvoertuie ingevoer deur natuurlike persone by verandering van permanente verblyf:	

I Korting- Item	II				III Mate van Korting	Anno- tasies
	Tariefpos	Korting- kode	T. S.	Beskrywing		
	87.00	01.00	25	<p>Een motorvoertuig per familie, ingevoer deur 'n natuurlike persoon vir sy persoonlike of eie gebruik, wat na die oordeel van die Kommissaris permanent van verblyf verander na die Republiek en—</p> <ul style="list-style-type: none"> (i) mits die voertuig aldus ingevoer die persoonlike eiendom van die invoerder en persoonlik deur hom besit en gebruik is— <ul style="list-style-type: none"> (a) vir 'n tydperk van minstens 12 maande voor sy vertrek na die Republiek; of (b) vir 'n tydperk van minder as 12 maane voor sy vertrek na die Republiek; of (ii) in die geval van goedgekeurde voorname inwoners wat van 'n Afrika-land arriveer, besit en gebruik is vir sodanige korter tydperk soos die Kommissaris in buitengewone omstandighede kan besluit; en (iii) mits die voertuig nie binne 'n tydperk van 2 jaar na die datum van klaring onder hierdie item aangebied, geadverteer, geleent, verhuur, verpag, verpand, weggegee, verruil, verkoop of andersins vervaar word nie: Met dien verstaande dat enigeen van voormalde handelinge met sodanige voertuig binne 'n tydperk van 2 jaar na die datum van klaring kragtens hierdie item sodanige voertuig onderhewig maak aan betaling van reg ooreenkomsdig die regulasies 	<ul style="list-style-type: none"> (a) Ten opsigte van 'n motorvoertuig beskryf in paragraaf (i) (a) in Kolom II: Volle reg min die reg in Afdeling A van Deel 2 van Bylae No. 1; of (b) Ten opsigte van 'n motorvoertuig beskryf in paragraaf (i) (b) in Kolom II: Volle reg min die reg in Afdeling A van Deel 2 van Bylae No. 1 en min die reg <i>pro rata</i> bereken op 'n daagliks basis ooreenkomsdig die getal dae minder as 12 maande; of (c) Ten opsigte van 'n motorvoertuig beskryf in paragraaf (ii) in Kolom II: Volle reg min die reg in Afdeling A van Deel 2 van Bylae No. 1" 	

Opmerkings. —1. Die beschrywing in die Engelse teks van kortingitem 406.02 word inlyn gebring met die Afrikaanse teks.

2. Kortingsitem 407.04 word herskryf.

SCHEDULE

I Rebate Item	II				III Extent of Rebate	Annotations
	Tariff Heading	Rebate Code	C. D.	Description		
406.02				<p>By the substitution for the description of the following:</p> <p>"Goods for the personal or official use of diplomatic agents accredited to the Republic and their families and the staff of the said agents and their families, provided they are not South African citizens or permanent residents of the Republic"</p>		
407.04				<p>By the substitution for rebate item 407.04 of the following:</p>		
"407.04	87.00	01.00	25	<p>Motor vehicles imported by natural persons on change of permanent residence:</p> <p>One motor vehicle per family, imported by a natural person for his personal or own use, who in the discretion of the Commissioner permanently changes his residence to the Republic and—</p> <ul style="list-style-type: none"> (i) provided the vehicle so imported is the personal property of the importer and has personally been owned and used by him— <ul style="list-style-type: none"> (a) for a period of not less than 12 months prior to his departure to the Republic; or (b) for a period of less than 12 months prior to his departure to the Republic; or 	<ul style="list-style-type: none"> (a) In respect of a motor vehicle described in paragraph (i) (a) in Column II: Full duty less the duty in Section A of Part 2 of Schedule No. 1; or (b) In respect of a motor vehicle described in paragraph (i) (b) in Column II: Full duty less the 	

I Rebate Item	II				III Extent of Rebate	Annotations
	Tariff Heading	Rebate Code	C. D.	Description		
				(ii) in the case of approved intended residents arriving from an African country, is owned and used for such shorter period as the Commissioner may in exceptional circumstances decide; and (iii) provided the vehicle is not offered, advertised, lent, hired, leased, pledged, given away, exchanged, sold or otherwise disposed of within a period of 2 years from the date of entry under this item: Provided that any one of the foregoing acts with such vehicle within a period of 2 years from the date of entry in terms of this item shall render such vehicle liable to payment of duty in accordance with the regulations	duty in Section A of Part 2 of Schedule No. 1 and less the duty calculated <i>pro rata</i> on a daily basis according to the number of days less than 12 months; or (c) In respect of a motor vehicle described in paragraph (ii) in Column II: Full duty less the duty in Section A of Part 2 of Schedule No. 1"	

Notes. — 1. The description in the English text of rebate item 406.02 is brought in line with the Afrikaans text.
2. Rebate item 407.04 is restated.

No. R. 2846**29 Desember 1989****DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964****WYSIGING VAN BYLAE 5 (No. 5/8)**

Kragtens artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Bylae 5 by genoemde Wet hiermee gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

G. MARAIS,
Adjunk-minister van Finansies.

No. R. 2846**29 December 1989****CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964****AMENDMENT OF SCHEDULE 5 (No. 5/8)**

Under section 75 of the Customs and Excise Act, 1964, Schedule 5 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

G. MARAIS,
Deputy Minister of Finance.

BYLAE

I Terug-gawe-item	II				III Mate van Teruggawe	Annotations
	Tarief-pos	Kode	T. S.	Beskrywing		
Deel 1				Deur die uitdrukings "KORTINGITEM" en "KORTINGKODE" waar dit in die opskrif in Kolomme I en II onderskeidelik voorkom deur die uitdrukings "TERUGGAWE ITEM" en "KODE" te vervang.		
Deel 2				Deur die uitdrukings "KORTINGITEM" en "KORTINGKODE" waar dit in die opskrif in Kolomme I en II onderskeidelik voorkom deur die uitdrukings "TERUGBETALINGSITEM" en "KODE" te vervang.		
Deel 3				Deur die uitdrukings "KORTINGITEM" en "KORTINGKODE" waar dit in die opskrif in Kolomme I en II onderskeidelik voorkom deur die uitdrukings "TERUGBETALINGITEM" en "KODE" te vervang.		
533.00				Deur Opmerking (h) deur die volgende te vervang: (h) 'mynbou' die proses waardeur bruikbare minerale verkry word van die aarde se oppervlakte of kors, deur beide bo- of ondergrondse mynbou, met inbegrip van die metallurgiese prosesse wat nodig is om metale of minerale te herwin van die erts of materiale wat ontgin is, maar sluit nie eksplorasie of prospekteer werksaamhede in nie;"		

I Terug- gawe- item	II				III Mate van Teruggawe	Annota- sies
	Tarief- pos	Kode	T. S.	Beskrywing		
533.01				Deur terugbetalingitem 533.01 deur die volgende te vervang:		
533.01	27.10	01.04	48	Distillaatbrandstowe: Gebruik as brandstof vir padvervoer in landbou of bosbou deur enige ander persoon as die persoon wat landbou of bosbou beoefen (uitgesonderd sodanige brandstof gebruik in voertuie van poste Nos. 87.02 en 87.03)	3,634c/l	
		02.04	42	Gebruik as brandstof vir die produksie van landbouprodukte (uitgesonderd sodanige brandstof gebruik vir padvervoer in landbou of in voertuie van poste Nos. 87.02 en 87.03) of as enjinbrandstof in walvisbote, treilers en ander diepseevisvangaartuie	3,634c/l	
		03.04	47	Gebruik as brandstof vir padvervoer in landbou deur die persoon wat landbou beoefen (uitgesonderd sodanige brandstof gebruik in voertuie van poste Nos. 87.02 en 87.03)	3,634c/l	
		04.04	41	Gebruik as brandstof in bosbou (uitgesonderd sodanige brandstof gebruik vir padvervoer in bosbou of in voertuie van poste Nos. 87.02 en 87.03)	3,634c/l	
		05.04	46	Gebruik as brandstof vir padvervoer in bosbou deur die persoon wat bosbou beoefen (uitgesonderd sodanige brandstof gebruik in voertuie van poste Nos. 87.02 en 87.03)	3,634c/l	
		06.04	40	Gebruik as brandstof in verwarmers en verwettingsapparate, fornuise, oondie ketels (ex Hoofstuk 73, 74, 76 of 84) vir mynbou	3,634c/l	
		07.04	45	Gebruik as brandstof in vaste turbines en vaste kompressie-ontstekingsenjins (uitgesonderd dié wat op selfaangedrewe voertuie gemonteer is) (ex pos No. 84.06 of 84.08) vir mynbou en konstruksie	3,634c/l	
		08.04	41	Gebruik as brandstof in ander kompressie-ontstekingsenjins vir die aandrywing van geïnkorporeer in masjinerie en implemente van Hoofstukke 84 en 85, byvoorbeeld, generators, kompressors, laaiers, pompe, selfaangedrewe hyskrane en masjinerie en meganiese toestelle vir mynbou en konstruksie	3,634c/l	
		09.04	44	Gebruik as brandstof in lokomotiewe (pos No. 86.02) vir mynbou	3,634c/l	
		10.04	47	Gebruik as brandstof in stortvoertuie waarvan, volgens die vervaardiger se spesifikasies, elke wielmassas minstens 4 500 kg is of waarvan die totale massas op elke agteras meer as 20 000 kg is (pos No. 87.04) vir mynbou	3,634c/l	
		11.04	41	Gebruik as brandstof in voertuie vir gebruik in ondergrondse myne (pos No. 87.04)	3,634c/l"	

- Opmerkings.* —1. Die omskrywing van "mynbou" word in lyn gebring met die omskrywing in Opmerking (h) by kortingitem 609.05.
2. Die voorsienings by kortingitem 533.01 word duideliker omskryf om die bedoeling daarvan bo alle twyfel te stel.
3. Die opskrifte van die kolomme word gewysig.

SCHEDELE

I Draw- back Item	II				III Extent of Drawback	Annotations
	Tariff Heading	Code	C. D.	Description		
Part 1				By the substitution for the expressions "REBATE ITEM" and "REBATE CODE" where they appear in the heading in Columns I and II respectively the expressions "DRAWBACK ITEM" and "CODE".		
Part 2				By the substitution for the expressions "REBATE ITEM" and "REBATE CODE" where they appear in the heading in Columns I and II respectively the expressions "REFUND ITEM" and "CODE".		

I Draw- back Item	II				III Extent of Drawback	Annotations
	Tariff Heading	Code	C. D.	Description		
Part 3				By the substitution for the expressions "REBATE ITEM" and "REBATE CODE" where they appear in the heading in Columns I and II respectively the expressions "REFUND ITEM" and "CODE".		
533.00				By the substitution for Note (h) of the following: "(h) 'mining' the process by which useful minerals are obtained from the earth's surface or crust, both by surface mining or by underground mining, including the metallurgical processes necessary to recover metals or minerals from the ores or materials mined, but does not include exploration or prospecting operations;"		
533.01				By the substitution for refund item 533.01 of the following: Distillate fuels:		
"533.01	27.10	01.04	48	Used as fuel for road transport in agriculture or forestry by any person other than the person carrying on agriculture or forestry (excluding such fuel used in vehicles of headings Nos. 87.02 and 87.03)	3,634clℓ	
		02.04	42	Used as fuel for the production of agricultural products (excluding such fuel used for road transport in agriculture or in vehicles of headings Nos. 87.02 and 87.03) or as engine fuel in whalers, trawlers and other ocean-going fishing vessels	3,634clℓ	
		03.04	47	Used as fuel for road transport in agriculture by the person carrying on agriculture (excluding such fuel used in vehicles of headings Nos. 87.02 and 87.03)	3,634clℓ	
		04.04	41	Used as fuel in forestry (excluding such fuel used for road transport in forestry or in vehicles of headings Nos. 87.02 and 87.03)	3,634clℓ	
		05.04	46	Used as fuel for road transport in forestry by the person carrying on forestry (excluding such fuel used in vehicles of headings Nos. 87.02 and 87.03)	3,634clℓ	
		06.04	40	Used as fuel in heaters and heating apparatus, furnaces, ovens and boilers (ex Chapter 73, 74, 76 or 84) for mining	3,634clℓ	
		07.04	45	Used as fuel in stationary turbines and stationary compression ignition engines (excluding those mounted on self-propelled vehicles) (ex heading No. 84.06 or 84.08) for mining and construction	3,634clℓ	
		08.04	41	Used as fuel in other compression ignition engines for the driving of or incorporated in machinery and implements of Chapters 84 and 85, for example, generators, compressors, loaders, pumps, self-propelled cranes and machinery and mechanical appliances for mining and construction	3,634clℓ	
		09.04	44	Used as fuel in locomotives (heading No. 86.02) for mining	3,634clℓ	
		10.04	47	Used as fuel in dumper vehicles of which, according to the manufacturer's specifications, each wheel massload is 4 500 kg or more or of which the total massload on each rear axle exceeds 20 000 kg (heading No. 87.04) for mining	3,634clℓ	
		11.04	41	Used as fuel in vehicles for use in underground mines (heading No. 87.04)	3,634clℓ"	

- Notes.*—1. The definition of "mining" is brought in line with the definition in Note (h) to rebate item 609.05.
 2. The provisions in refund item 533.01 are more clearly defined to put the intention thereof beyond any doubt.
 3. The headings of the columns are amended.

No. R. 2847	29 Desember 1989	No. R. 2847	29 December 1989
DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964 WYSIGING VAN BYLAE 5 (No. 5/9) Kragtens artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Bylae 5 by genoemde Wet hiermee gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon. G. MARAIS, Adjunk-minister van Finansies.		CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964 AMENDMENT OF SCHEDULE 5 (No. 5/9) Under section 75 of the Customs and Excise Act, 1964, Schedule 5 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto. G. MARAIS, Deputy Minister of Finance.	

BYLAE

				Annotasies
Deel 4 Deur Deel 4 deur die volgende te vervang: "DEEL 4 TERUGBETALINGS VAN BRANDSTOFHEFFING				

Opmerkings:

1. 'n Terugbetaling van die brandstofheffing wat kragtens Deel 5 van Bylae No. 1 ten opsigte van enige in Kolom II van hierdie Bylae vermelde goedere betaal is, word, behoudens die bepальings van artikel 75 en die regulasies, in die mate in Kolom III van hierdie Deel aangetoon, by nakoming van die bepальings van die item in hierdie Deel waarin daardie goedere vermeld word en van enige opmerkings van toepassing ten opsigte van sodanige item gedoen.
2. Enige besonderhede in Kolom III in hierdie Deel ten opsigte van enige goedere het betrekking op die brandstofheffing in Deel 5 van Bylae No. 1 vermeld wat ten opsigte van sodanige goedere betaal is.
3. Geen terugbetaling van brandstofheffing is kragtens hierdie Deel verskuldig indien die goedere in enige item daarin vermeld, gebruik word vir 'n doel wat nie in sodanige item vermeld word nie.

I Terugbe-taling-item	II				III Mate van Terug-betaling	Annota-sies
	Brand-stofhef-fingitem	Kode	T. S.	Beskrywing		
540.00				Petrol en distillaatbrandstowwe gebruik vir bepaalde doeleinades: <i>Opmerkings:</i> By hierdie item beteken "pad", "landbou", "landbouprodukte", "landboubenodigdhede", "vervoer in landbou", "bosbou", "vervoer in bosbou", "mynbou" en "konstruksie" dieselfde as die betekenis daarvan toegewys in die Opmerkings by item 533.00 van hierdie Bylae.		
540.01	195.10			Petrol en distillaatbrandstowwe gebruik deur die Staatspresident, diplomatieke en ander buitelandse verteenwoordigers en Untag in item 403.02, 406.01, 406.02, 406.03, 406.05 of 406.07 van Bylae No. 4 vermeld, onderworpe aan die vereistes van sodanige items en die Opmerkings (behalwe Opmerking 1) wat daarop betrekking het:		
540.02	195.10.15	01.00	50	Petrol	8,9c/l	
		02.00	55	Distillaatbrandstowwe	6,7c/l	
		01.00	76	Distillaatbrandstowwe: Gebruik as brandstof vir padvervoer in landbou of bosbou deur enige ander persoon as die persoon wat landbou of bosbou beoefen (uitgesond sodanige brandstof gebruik in voertuie van poste Nos. 87.02 en 87.03)	14,966c/l	
